

20 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 60

Die Here hou sy kerk in stand

Die opskrif verbind hierdie psalm aan 'n spesifieke gebeurtenis in Dawid se lewe (vgl 2 Sam 8:3,13). Die volk het 'n groot neerlaag teen die vyand gely en hulle is verslae. Hulle is soos mense wat rondsteier van sterk drank. God het Hom aan hulle stryd onttrek. Meer nog, hulle dink dat dit Hy is wat hulle getref het. Hy is kwaad vir hulle en het hulle verstoot. Tog hou die digter steeds vas aan die Here se beloftes vir sy volk. Hy pleit dat God tog weer herstel moet skenk.

Die Here troos hulle met die bemoediging dat Hy sy beloftes gestand sal doen. Dele van Israel sal nie aan die vyand behoort nie. Die Here sal Sigem en Sukkot vir sy volk gee. Hy bepaal aan wie Gilead en Manasse oorkant die Jordaan behoort. Die Tienstammeryk (vernoem na Efraim, die grootste en sterkste stam) is God se vesting. God se beloftes oor die blywende koningskap is aan Juda verbind.

God is getrou aan sy beloftes. Dit geld ook vir die Here se volk van die Nuwe Testament, die kerk. Al lyk die stryd soms so verlore, ons het die belofte van die Here dat die magte van die doderyk die kerk nie sal oorweldig nie (Matt 16:18).

In sy krag kan ons 'n strydende kerk bly met die troos dat ons in sy Naam sal oorwin.
Sing: Skrifberyming 50:5,6,7 Dr F van der Walt (Bellville-Oos)